
# WAAROM DIE VERENIGDE PARTY VAN GENERAAL J.C. SMUTS DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1948 VERLOOR HET

A.J. Posthuma
(OKVO)

## 1. INLEIDING

Die algemene verkiesing van 1948 was die tiende sedert Uniewording in 1910 en ook die tiende waaraan generaal Smuts deelgeneem het. Op 15 September 1910 is die eerste algemene verkiesing gehou en is Smuts met 'n meerderheid van 355 stemme tot volksraadslid vir Pretoria-Wes verkies. In 1924 het G.A. Hay dié setel met 'n meerderheid van 385 vir die Arbeidersparty verower.



*Generaal Jan Christiaan Smuts, wat generaal Botha se leier van die suid-Afrikaanse Party opgevolg het en Eerste Minister was van 1919 to 1924 en daarna weer van 1939 tot 1948 toe hy leier van die Verenigde Party was.*

Smuts het Standerton as setel aanvaar nadat G.M. Claassen homself ten gunste van Smuts uit die parlement onttrek het. Generaal Smuts het Standerton tot 1948 verteenwoordig.

Waarom het die Verenigde Party in 1948 verloor? Die antwoord lê nie in een oorsaak opgesluit nie. Alhoewel 'n neerlaag nie verwag is nie, was dit nie noodwendig onvoorspelbaar nie. Met ander woorde: Smuts se val herinner nie aan 'n Griekse tragedie waarin sekere magte teen die held saamspan om hom te vernietig nie. Daar was duidelik aanwysbare redes waarom die Verenigde Party by die stembus verslaan is. Die stelling dat Smuts se val nie op eenvoudige manier verklaar kan word nie, verwys eintlik na die feit dat daar verskeie redes voor was. Wesenlik moet moontlike redes op twee vlakke gesoek word: die Verenigde Party as regeringsparty en by Smuts self.

## 2. DIE STIGTING VAN DIE VERENIGDE PARTY


Die Verenigde Party is op 5 Desember 1934 gestig nadat generaals Hertzog en Smuts in Februarie/Maart die vorige jaar ooreengekom het om 'n koalisieregering, of sogenaamde "best man government" te vorm. Dit was veral ekonomiese omstandighede wat die twee generaals na mekaar toe gedryf het. Hertzog was hoegenaamd nie oortuig daarvan dat die regerende Nasionale Party 'n algemene verkiesing in 1934 sou wen nie. Droogtetoestande, depressie, armoede en die swak posisie van die Unie-pond op die wêreldmark het die regering se posisie nadelig beïnvloed. Aanduidings van 'n moontlike Hertzog-neerlaag was 'n tussenverkiesing in die kiesafdeling Germiston op 30 November 1932, toe J.G.N. Strauss, latere leier van die Verenigde Party, 'n tradisionele Arbeidersetel met 'n meerderheid van 1 181 stemme verower het. Die Nasionaliste en Arbeiders se samewerking het 'n laagtepunt bereik en daar was ten minste nog sewe Arbeidersetels waarin die Suid-Afrikaanse Party van Smuts in 'n volgende verkiesing meerderhede kon behaal. Daarbenewens was daar tien setels met nasionale meerderhede van minder as 200 wat as grenssetels beskou is. Dit het beteken dat ten minste 17 setels binne Smuts se bereik was. Met die 1929-verkiesing het die Nasionaliste van Hertzog 77 setels teenoor Smuts se 61 verower. Om dié redes was dit hoegenaamd nie onmoontlik nie dat Smuts wéér premier kon word.

By Smuts self het opportunisme 'n groot rol gespeel in 1933. Sou hy dit nié maak in 1934 nie, het dit nog 'n verdere vyf jaar op die opposisiebanke beteken. Of Smuts daarvoor kans gesien het, is te betwyfel. Die ontstaan van die Verenigde Party was dus grootliks die gevolg van 'n pragmatiese benadering by Hertzog en Smuts. Dit word veral geïllustreer deur die feit dat hulle ooreengekom het om te verskil oor kwessies soos neutraliteit, afskeiding van die Britse Statebond en die verhouding tot laasgenoemde. As bogenoemde uitgeredeneer moes word, sou daar miskien nooit 'n Verenigde Party tot stand gekom het nie. As gevolg van die verskille is dit korrek om te beweer dat die Verenigde Party oor geen suiwer ideologiese basis beskik het nie.


Voorspoed het sedert 1934 ingetree en teen 1939 kon daar inderdaad na die vrugte van koalisie verwys word. Hertzog se Naturellewetgewing het die vereiste tweederde-meerderheid behaal, die armblankevraagstuk is daadwerklik aangespreek en boere het 'n simpatieke regering gehad. Maar daar was ook 'n keersy. Ter wille van eenheid in die Verenigde Party was dit veral Smuts wat toegewings moes maak. Kwessies soos die statuswette, die speel van Die Stem, die gebruik van die Unievlag en veral die Tseggo-Slowaakse-kwessie van September 1938 waar Hertzog sy kabinet tot neutraliteit verbind het, was voorbeelde daarvan. Diepgaande verskille tussen Engels- en Afrikaanssprekendes is binne die nuwe party geïgnoreer en daar is ter wille van nasionale eenheid saamgewerk. Intussen het Malan se Gesuiwerde Nasionale Party (1934-1940) as amptelike opposisie die republikeinse vaandel oorgeneem en

veral die Ossewatrek van 1938 benut om 'n bepaalde Afrikanergevoel te stimuleer. In 'n al groter mate het Malan se party poseer as die "ware Afrikaner" party. Figuur 1 toon die groei van die (Herenigde) Nasionale Party tussen 1938 en 1948 aan.

DIE SETELTOENAME VAN DIE NP TUSSEN 1938 - 1948





Figuur 1(a) 1938




1943

Figuur 1(b)




1948

Figuur 1(c)

### 3. DIE UITBREEK VAN DIE TWEEDE WÊRELD-OORLOG, SEPTEMBER 1939

Hoe pragmaties die basis was waarop die Verenigde Party tot stand gekom het, is bewys toe die Unieparlement op 4 September 1939 moes besluit of daar neutraal teenoor Duitsland en Brittanje in geval van oorlog gestaan sou word. Die ses jaar van samewerking het aan individuele regeringslede se standpunte betreffende neutraliteit geen jota of titel verander nie. Toe daar oor oorlogsdeelname besluit moes word het elke lid van die kabinet dié standpunt ingeneem wat hy ook vóór 1933 gehuldig het.

Dit was ook van toepassing op die volksraad. Ten spyte van 'n "verenigde" party was daar steeds Smuts-manne en Hertzog-manne. So was daar, byvoorbeeld, voor die verkiesing van 1938 hard deur onder andere Louis Esselen, 'n partyorganiseerder en lojale Smutsman, gewerk om Smutsgesindes genomineer te kry in vakante kiesafdelings. So het dit dan gebeur dat Smuts, wat in 1934 57 koalisieondersteuners teenoor Hertzog se 74 gehad het, op 4 September 1939 70 teenoor 38 van Hertzog kon hê. Die Malan-ondersteuners het hulle ondersteuning na Desember 1934 van Hertzog onttrek maar het hom in 1939 weer met 29 lede téén oorlogsdeelname gesteun. Smuts kon ook staatmaak op die ondersteuning van die Arbeiders en Dominioniete. Uit 'n totaal van 150 volksraadslede het 80 Smuts en 67 Hertzog gesteun.

'n Belangrike aspek van die verdeling in 1939 was die feit dat Smuts op letterlik elke Engelssprekende in die Unie se steun kon reken. Daarteenoor was daar nie Engelssprekendes wat hulle met Malan en Hertzog kon vereenselwig nie. Dit het beteken dat daar weer 'n duidelike Engels/Afrikaanse skeidingslyn in die politiek was. Alhoewel die 1948-verkiesing in geen opsig oor Engels/Afrikaanse verhoudinge gegaan het nie, het die uitslag 'n duidelike taalonderskeid tot gevolg gehad. Om te beweer dat Smuts anti-Afrikaner was en dat Afrikaners dáárom agter Malan ingeval het, is 'n oppervlakkige siening. Daar was reeds sedert 1939 'n baie duidelike taalonderskeid wat veroorsaak het dat die Verenigde Party die tuiste van Engelssprekendes en die Herenigde Nasionale Party (Malan en Hertzog het sedert Januarie 1940 tot November van daardie jaar saamgewerk onder bogenoemde naam) die tuiste van Afrikaners was.



*Dr. Daniel Francois Malan (1874-1959), leier van die Nasionale Party van 1933 tot 1954 en Eerste Minister van Suid-Afrika van 1948 tot 1954.*

Daar was ook Afrikaanssprekendes in die Verenigde

Party wat Smuts se oorlogspoging gesteun het. Na afloop van die oorlog het 'n belangrike motief om Smuts te steun dus verval. Om Smuts se val in 1948 te begryp, is dit daarom belangrik om vas te stel in watter mate hy sy Afrikanersteun kon behou. Dit geld eweseer vir die Hertzogvolgelinge wat onder Havenga in die Afrikanerparty versamel het. Dit was nie 'n sterk party nie. Met die verkiesing van 1943 het hulle 25 setels betwis en was nie in een suksesvol nie. Uit 'n totaal van 884 590 uitgebragte stemme kon hulle slegs 13 964 of 1,6% verower. Hulle posisie in die politiek sou ook na 1945 van groot belang word.

## 4. DIE VERENIGDE PARTY GEDURENDE DIE OORLOGSJARE, 1939-1945.

Smuts se Verenigde Party was essensieel 'n oorlogsparty. Dit was op sy sterktste tussen 1940 en 1944. Die uitslag van die 1943-verkiesing het dit duidelik weerspieël. Die party het 89 uit 'n moontlike 150 setels verower. Smuts het 48,78% van die totale stempersentasie gekry teenoor die Herenigde Nasionale Party se 35,8%. Daarbenewens het deelname aan die oorlog markte sterk gestimuleer en uitvoere, veral vir oorlogsdoeleindes, bevorder. Die boerderebedryf het floreer en kos was volop. Deelname aan die oorlog het die werkloosheidsprobleem en die gelyklopende armblankevraagstuk help oplos. Met die aanvang van die oorlog het die Unie 17 038 man in die leër, 1 837 in die lugmag en 432 in die Vloot gehad. Met die vrede in April 1945 was daar 132 194 man in die leër, 44 569 in die lugmag en 9 455 in die vloot. Dit verteenwoordig 'n toename van 865%. Bo en behalwe bogenoemde getalle het 24 975 vroue en 123 131 swartmense oorlogsdiens verrig. Die deelname van swartes aan die oorlog het ook 'n belangrike rol in die 1948-verkiesing gespeel.

Alhoewel Smuts 'n groot oorwinning in 1943 behaal het, toon nadere ondersoek dat alles nie so voorspoedig was as wat dit op die oppervlakte voorgekom het nie. Omstandighede het na 1943 begin verander. Basiese kommoditeite soos witsuiker en vleis het skaars geword. Brandstof moes gerantsoeneer word en 'n groot behuisingstekort het ontstaan. Díe verskynsel was 'n direkte gevolg van die Unie se deelname aan die oorlog. Die staat moes kontrolerade op die been bring om beheer uit te oefen. Die feit dat dié situasie na die oorlog bly voortduur het, het die kieserspubliek onrustig gestem. In hierdie verband het die demobilisasie van soldate ook 'n belangrike faktor geword. Alhoewel 'n department van demobilisasie geskep is, het die ontslaan van soldate traag verloop. Erger nog was die behandeling wat oud-soldate ontvang het. Beloftes wat deur Smuts op die slagvelde gemaak is, het nie deurgaans gematerialiseer nie en soldategriewe het ook 'n rol gespeel in 1948.

Om Smuts se val te begryp, kan as vertrekpunt die 1943-verkiesing gebruik word. Hoewel hy 'n groot oorwinning behaal het, het die uitslag nie die ware prentjie weerspieël nie. Drie faktore het die Verenigde Party kunsmatig bevoordeel – en al drie kan aan oorlogsomstandighede toegeskryf word. Die eerste was die wending wat ten gunste van die Geallieerdes was. Die VSA het in Desember 1942 tot die oorlog toegetree, in Februarie 1943 het Rusland die Duitse offensief by Stalingrad gestop en aan die begin van Mei 1943 is Rommel uit Afrika verdryf. Omdat Suid-Afrikaanse troepe hoofsaaklik tot op daardie stadium in Afrika geopereer het, het die uitdryf van die Duitse Afrikakorps tot groot entoesiasme aanleiding gegee. Dit was vanselfsprekend dat soldate byvoorbeeld vir Smuts-kandidate sou stem, terwyl dit binne die Unie ook 'n Smuts-euforie sou skep.

'n Tweede faktor wat Smuts bevoordeel het, lê in die feit dat Smuts en sy regeringskandidate met die verkiesing hoofsaaklik op een aspek gekonsentreer het, naamlik of dit die korrekte besluit was om aan die oorlog deel te neem. In werklikheid het die 1943-verkiesing dus op 'n referendum, waar bloot 'n ja of nee benodig word, neergekom. Smuts het op 'n slim wyse by die kieserspubliek 'n sanksionering vir sy besluit van September 1939 gesoek. Met die Geallieerde voorspoed kon verwag word dat hy sterk steun sou kry. In hierdie verband was dit veral die soldatestem uit Noord-Afrika wat die skaal in baie kiesafdelings in Smuts se guns toe swaai. Beloftes van langverlof, soldyverhogings en gunstige voordele wat tuissoldate sou toekom, het groot effek gehad. Die nadeel van Smuts se strategie was natuurlik dat huishoudelike kwessies soos voedseltekorte en die instroming van swartmense na stedelike gebiede geen aandag gekry het nie. Indien dit sake was wat kiesers ontstel het, kon dit, indien dit nie daadwerklik aangespreek word nie, by 'n volgende verkiesing 'n belangrike faktor word.

'n Derde aspek wat Smuts in 1943 bevoordeel het, lê in die verdeeldheid wat onder Afrikaners in die opposisie geheers het. In November 1940 het die samewerking tussen Hertzog en Malan op 'n ongelukkige einde afgestuur. 'n Groep Hertzogaanhangers het onder Havenga in 1941 die Afrikanerparty gestig. In Oktober 1941 het 'n voormalige minister van verdediging, Oswald Pirow, met 17 volksraadslede die Nuwe Orde-beweging gestig en daardeur die Herenigde Nasionale Party van 'n groot groep ondersteuners, veral in Transvaal, ontneem.

Boonop het die Ossewa-Brandwag-beweging van dr. J.F.J. van Rensburg en Malan in Augustus 1941 kwaai gebots en was laasgenoemde in Oktober 1941 verplig gewees om die OB tot vyand van die Herenigde Nasionale Party te verklaar. Op een stadium is beweer dat die OB, 'n para-militêre nasionaal-sosialistiese organisasie tot 400 000 ondersteuners gehad het. Alhoewel dit dramaties na 1941 afgeneem het, moet aanvaar word dat die houding van dié organisasie by die stembus van groot belang was.


Dit was juis hier waar die knoop gelê het. Van Rensburg het hom en sy beweging gedistansieer van die parlementêre stelsel en die party-politiek. Hy was 'n voorstander van 'n Afrikaner-gesagstaat gebaseer op nasionaal en sosialistiese grondslae. Daarom was Van Rensburg bereid om met die verkiesing van 1943 dié kandidate te steun wat sy uitgangspunte onderskryf het. Die gevolg was dat 'n groot aantal "onafhanklike" kandidate tot die verkiesingstryd toegetree het wat beteken het dat daar baie kiesafdelings was waar drie- of meerhoekige gevegte sou plaasvind. Dié verskynsel het die Herenigde Nasionale Party ernstig benadeel. So, byvoorbeeld, het die Afrikanerparty-kandidaat in Heidelberg, Transvaal, hom vóór stemdag onttrek, maar omdat sy naam reeds op die stembrief gedruk was, het hy nogtans 79 stemme gekry. Die Verenigde Party het die setel met 57 stemme gewen. Ook in Middelburg, Transvaal, het 'n Afrikanerpartykandidaat, J.T. Bezuidenhout, veroorsaak dat die Verenigde Party met 'n meerderheid van 883 gewen het. Dit was ook die geval in Pretoria-distrik, Soutpansberg en Wolmaranstad.

Die tydstip waarop die verkiesing plaasgevind het, was dus sterk in Smuts se guns. Dit word onder andere

'n reputasie vir knoeiery, besluiteloosheid en 'n gebrek aan visie gehad. By gewone kiesers het dit irritasie en gegriefdheid geskep. Dit was veral van toepassing op duisende teruggekeerde soldate. Baie van hulle was Afrikaanssprekendes wat weens oorlogsomstandighede agter Smuts ingeval het. Die ongerief en swak behandeling waaraan hulle nou onderwerp is, het veroorsaak dat hulle sou stem waar hulle harte altyd was.

Die Verenigde Party het toenemend die beeld van 'n Engelse party gekry. Duisende Afrikaners het na die stede (veral Johannesburg) gestroom en hulle is hier deur die Afrikaanse kerke, Afrikanerkultuurorganisasies en veral die vakbond, die Blanke Werkersbond, verwelkom en tuis laat voel. Omdat bogenoemde organisasies stutte van die Herenigde Nasionale Party was, was dit vanselfsprekend dat duisende Afrikaners tuis in die party ook sou voel. Die proses is versterk deur die feit dat *Die Transvaal* hom die nood van verstedelikte Afrikaners aangetrek het. Dit was dus die simbiose of interafhanklike verhouding tussen kerke, die pers, kultuurorganisasie en die politieke party wat 'n sterk opposisie teen Smuts tot gevolg sou hê. In hierdie verband was dit juis die immigrasiebeleid van die regering wat die beeld van 'n Engelssprekende Verenigde Party sou versterk. Smuts was van oortuiging dat soveel witmense as moontlik na die Unie moes kom ten einde die blanke beskawing in Afrika te versterk. Afrikaanssprekendes het egter weer geglo dat Smuts sy party wou versterk omdat geen immigrant vir Malan sou stem nie. Sien figuur 1 vir immigrasiesyfers tussen 1943 en 1950.

IMMIGRASIE UIT EUROPA NA DIE UNIE GEDURENDE EN NA WO II




Figuur 2

## 6. GENERAAL SMUTS EN AFRIKANERSTEUN

'n Belangrike aanwyser van hoe die Verenigde Party en generaal Smuts oor Afrikanersteun gevoel het, het gelê in die Samewerkingsooreenkoms wat Malan en Havenga in Maart 1947 aangegaan het. Reeds in 1945 het Malan toenadering tot Havenga gesoek. Havenga het dit egter van die hand gewys waarskynlik omdat hy nog gevoelens gehad het oor die wyse waarop nasionaliste Hertzog in 1940 hanteer het. Daar was ook 'n ander sy. Tussen Havenga en Smuts was daar minder beginselverskille as tussen Havenga en Malan. In werklikheid was dit slegs die oorlogsbesluit wat Smuts en Havenga geskei het. Met die oorlog verby, kon verwag word dat daar weer toenadering tussen Havenga en Smuts kon wees. Vroeg in 1947 hét Havenga inderdaad voelers na Smuts uitgesteek. Hy sou met Smuts in 'n volgende verkiesing saamwerk indien Smuts hom (Havenga) as opvolger sou aanwys en die Afrikanerparty van agt veilige setels verseker het. Smuts het dit verwerp en Havenga gevolglik in Malan se arms gedryf. Tussen dié twee het 'n ooreenkoms tot stand gekom wat in 1948 tot Smuts se val gelei het. Indien Smuts Havenga as bondgenoot aanvaar het, sou hy sy Afrikanersteun vermeerder het en ook belangriker, verhoed het dat die OB 'n belangrike faktor by die stembus kon word.

Teen 1947 het dié beweging nog oor die steun van ten minste 70 – 80 000 Afrikaners beskik. Dit was mense wat in 1943 om ideologiese redes van die stembus weggebly het. Met nasionaal-sosialisme vernietig, was die ideologiese basis van die beweging ondermyn en was die oorgrote meerderheid OB-lede gereed om weer na die partypolitiek terug te keer. Die gevoel teen Malan se Herenigde Nasionale Party was nog sterk en gevolglik was die Afrikanerparty 'n voor die handliggende politieke tuiste. Havenga het hulle binne sy party verwelkom en die groei van die Afrikanerparty was groot. Met die algemene verkiesing in 1948 het die party hom laat geld en nege setels verower. Teenoor 13 964 stemme in 1943 het die party in 1948 41 858 stemme gekry. Dit is duidelik dat indien Smuts Havenga se samewerking gesoek het, hy die OB-beweging kon neutraliseer het. Dit is 'n feit dat Smuts dit nie raakgesien het nie en daardeur 'n growwe politieke flater begaan het. Hy het dit van die hand gewys omdat ongeregverdige selfvertroue by hom 'n faktor was. Hy het klaarblyklik nooit besef dat sy Afrikanersteun besig was om weg te kwyn nie. Daarbenewens het hy 'n diepgewortelde onverdraagsaamheid jeens diegene wat sy oorlogspoging nie gesteun het nie, openbaar. Dit bewys ook dat Smuts nie in staat was om by naoorlogse omstandighede aan te pas nie. Die oorlog was immers verby (en gewen) en 'n algemene verkiesing het voor die deur gelê. Smuts se verwerping van Havenga was 'n demonstrasie van sy onvermoë om die plaaslike politieke klimaat reg te lees.

'n Verdere bewys van Smuts en die Verenigde Party se misrekening lê in die feit dat hulle in hulle verkiesingspropaganda geneig was om die nasionaliste se oorlogsrekord aan kiesers op te dring. Dit was 'n politieke fout. Die oorlog was reeds drie jaar verby en Malan het die pro-Nazi-beeld van sy party reeds in 1943 suksesvol afgeskud toe hy samewerking met ander Afrikanergroepe geweier het. Sy weiering om nòg met Pirow nòg met die OB gemene saak te maak, het bewys dat Malan nie baie ernstig oor Nazisme gevoel het nie.


Dit was eerder sekere ondersteuners wat simpatie openbaar het. Die sterkste pro-Nazi-ondersteuners het in elk geval in die Nuwe Orde en die OB 'n tuiste gevind. Malan se voortgesette weiering om Van Rensburg se hand van vriendskap ná 1944 te aanvaar, was 'n verdere bewys dat die Herenigde Nasionale Party ideologies suiwer wou bly. Daar was inderdaad ander sake waarop die Verenigde Party kon konsentreer.

## 7. DIE BEELD VAN DIE HERENIGDE NASIONALE PARTY TEENOOR DIE VAN DIE VERENIGDE PARTY

Dit wil voorkom asof die inisiatief met die voorbereiding vir 'n algemene verkiesing in 1948 deur die opposisie geneem is. Deur na 1943 terug te keer na die parlement as enigste opposisieparty was die basis vir groei reeds gelê.

Afrikaners was demokraties ingestel en hul flirtasies met die gesagstaatidee sou van korte duur wees. Die enigste wyse waarop van Smuts ontslae geraak kon word, sou deur die parlementêre proses wees. Malan het in 1944 'n alternatiewe ekonomiese en maatskaplike beleid geformuleer, daarna samewerking wat Havenga gesoek en toe sy beleid op aggressiewe wyse aan die kiesers verkoop. Die Herenigde Nasionale Party het hom as enigste ware tuiste vir Afrikaners voorgedoen deur daadwerklik na alle groepe, of dit werkers, boere, onderwysers of staatsamptenare was, se belange om te sien. Teen 1948 het dié party meer as 100 voltydse organiseerders landwyd gehad. Hulle het oor 'n uiters effektiewe propagandakantoor beskik en 'n stewige Republikeinse Strydfonds gehad om vir uitgawes te betaal. Jongmense is deur die dinamiek van die party aangetrek. Die Herenigde Nasionale Party het doeltreffend daarin geslaag om hom as alternatiewe regering by kiesers te verkoop. Teen 1948 was die Herenigde Nasionale Party dus nie meer 'n blote opposisie nie. Dit het, ook op grond van die steun van kerke, kultuurorganisasies en akademici, 'n front vir Afrikanereenheid geword. Dit was inderdaad die mate waartoe Malan en sy voormanne daarin kon slaag om die groots moontlike getal Afrikaners se steun te werf, wat vrugte by die stembus afgewerp het. Figuur 3 toon die verhouding tussen die Herenigde Nasionale Party en die Verenigde party tussen 1938 en 1948 aan.

DIE GROEI VAN DIE NP & VP TUSSEN 1938 EN 1948




Daarteenoor het Smuts se Verenigde party moeg en uitgedien voorgekom. Dit het steun onder boere begin verloor en al hoe meer die beeld van 'n elite-versameling Engelssprekendes vertoon. Dit kon net nooit die inisiatief in die verkiesingsveldtog verkry nie. Teen die einde van die veldtog is vergaderings van die regeringsparty swakker en swakker bygewoon en eenparige mosies van vertroue was die hoë uitsondering. Terwyl die opposisie aan brood- en botterkwessies aandag gegee het, het die regering op uitgediende pro-Nazibegrippe konsentreer. So byvoorbeeld het hulle Malan as 'n fanatieke republikein probeer skets, terwyl dit nie eens 'n verkiesingspunt van die opposisie was nie. Die Verenigde Party was sonder 'n bloudruk vir die hantering van na-oorlogse probleme. Die oorlogsatmosfeer wat Smuts oor soveel jare gedra het, was verby. In sy propaganda het die opposisie die regering ver oortref en daardeur baie stemme getrek.

## 8. DIE OPPOSISIE SE APARTHEIDSPROPAGANDA

Die beste voorbeeld hiervan, en moontlik die deurslaggewende, was die effektiewe propaganda wat rondom die woord "apartheid" gemaak is. En in hierdie verband was dit juis generaal Smuts wat aan die opposisie 'n geleentheid verskaf het om die regering verdag te maak.

Die jare 1938 tot 1948 is deur 'n dramatiese invloei van swartmense na stedelike gebiede gekenmerk. Die toevloei van swartmense na stedelike gebiede het teen die middel-veertigerjare, byvoorbeeld, dié van witmense ver oortref. Dié verskynsel was natuurlik in stryd met wetgewing betreffende swartvestiging in witgebiede. Die Verenigde party se benadering was nog steeds gebaseer op die aanbevelings van die Stallard-kommissie van 1921 wat aanbeveel het "dat dit as 'n beginsel aanvaar word dat swart mans, vrouens en kinders alleen toegelaat word binne munisipale gebiede in die mate en vir so lank as wat hulle aanwesigheid vereis word deur die behoeftes van die blanke bevolking". Ook was die Naturellestadsgebiedewet van 1923 waardeur munisipaliteite die reg tot beheer oor swartinvloei verkry het, van toepassing. Die wetlike voorskrifte het nie langer die praktiese werklikheid ondervang nie. Grootskaalse plakkery het voorgekom en daar was inderdaad sprake van verdringing op arbeidsgebied.

Gelyklopend hiermee was die reaksie wat die oorlog op swart denke gehad het. In hierdie verband was dit veral die Verteenwoordigende Naturelleraad wat as spreekbuis vir stemreglose swartes sou dien. In terme van die Atlantiese Handes én as gevolg van swart deelname aan die oorlog, het swartmense toenemend op bepaalde regte begin aandring. Teen 1946 het 'n impasse tussen regering en die Naturelleraad ontstaan en in 1947 is Smuts se voorstelle vir 'n vergrote raad met bepaalde wetgewende funksies verwerp. Hand aan hand met hierdie toestand het gegaan 'n reeks stakings en busboikotte wat byvoorbeeld in Augustus 1946 op geweld uitgeloop het. 'n Tasbare verswakking in verhoudinge tussen wit en swart het ingetree en die misdaadsyfer het ongekende afmetings aangeneem. So, byvoorbeeld, was die gevalle wat gerapporteer was in 1943 975 943 teenoor 982 870 in 1944. In 1945 is 1 016 639 gevalle aangemeld. 'n Na-oorlogse gees van vryheid het oor die hele wêreld vaardig geword en die neiging was in die rigting van die erkenning van menslike of individuele vryheid.

Dit wou voorkom of Smuts nie vir homself duidelikheid gehad het nie. In 1942 het hy in Kaapstad segregasie as poging om versteliking teen te gaan, verwerp. In 1945 het hy weer apartheid as enigste basis vir oorlewing van beide wit en swart in die Unie gepredik.

Smuts het daarvoor gepleit dat die wêreldopinie in

gedagte gehou moes word maar was terselfdertyd in sy rassedenke 'n sterk segregasionis. Dit was egter juis sy internasionale status wat hom verdag by die opposisie gemaak het. Hoe eerlik was Smuts werklik oor rasseskeiding? In 1946 het hy die sogenaamde Naturellewette-kommissie onder regter H.A. Fagan aangestel wat kort voor die verkiesing in 1948 gerapporteer het. Dit was 'n diepgaande ondersoek wat die werklikhede van verindustrialisering verreken het en sekere voorstelle in verband daarmee gemaak het. Dit was egter te laat om toegepas te kon word. Of dit as 'n oplossing sou dien, moet bevraagteken word. Aan die een kant het agterbuurttoestande en werksverdringing vir die arm verstedelike Afrikaner wesenlike gevaar ingehou terwyl aan die ander kant die erkenning van swartverstedeliking sou beteken dat boere goedkoop arbeid kon verloor. Beide groepe sou dus teen Smuts stem; eersgenoemde om klasse redes en laasgenoemde om finansiële redes. Dié verbondskap tussen werkers en boere het vir die opposisie in 1948 vrugte afgewerp.

Die opposisie van Malan het uiters suksesvol daarin geslaag om Smuts en die Verenigde Party se swartbeleid verdag by die kiesers te maak. Teenoor die regering se soos-dit-voorkom-benadering het die Herenigde Nasionale Party 'n duidelike apartheidsvoorstel voor die kiesers gelê. Dit was gebaseer op die sogenaamde Sauer-verslag wat as kern dit onder meer gestel het die "algehele apartheid tussen blankes en naturelle, wat sover as wat dit prakties moontlik is, geleidelik deurgevoer sal word." Malan-hulle het daarin geslaag om 'n diepgewortelde rassegevoel by witmense te prikkel deurdat hulle die Verenigde Party-beleid as die begin van die witman se uiteindelike ondergang voorgestel het. In die proses is nie met werklikhede rekening gehou nie. Verstedeliking wat byvoorbeeld 'n wêreldwye verskynsel terwyl die Unie ook in 'n proses van verindustrialisering was. Boonop het die liberale opvattinge oor gelykheid tussen mense nie die Suid-Afrikaanse swartmense verbygegaan nie. Hulle eise om gelykwaardige regte was in pas met tendense dwarsoor die wêreld. Daar kan beweer word dat die opposisie, ten einde 'n Afrikanerregering aan die bewind te kry, op doelbewuste wyse op die rassegevoelens van kiesers gespeel het.

In dié verband was dit veral die propagandaveldtog teen minister J.H. Hofmeyr wat die skaal ten gunste van die opposisie geswaai het. Opposisiepropaganda het hom voorgestel asof hy ten gunste van algehele gelykheid was. Nòg Hofmeyr nòg Smuts kon daarin slaag om 'n teenvoeter vir opposisiepropaganda te kry. Veral op die platteland het die sogenaamde "Hofmeyr verkiesing" die opposisie bevoordeel. In Transvaal was daar 'n algehele swaai ná die opposisie. Die metode waardeur plattelandse setels met 15% onderbelaai kon word het dus beteken dat, alhoewel daar baie minder kiesers op die platteland was, die aantal setels op die ou end die deurslag gegee het. So kon die Verenigde Party, byvoorbeeld, 65 setels teenoor die gekombineerde opposisie se 79 behaal. In terme van stemme het die Verenigde party 515 273 of 47,9% teenoor die opposisie se 442 of 41,4% behaal.

Generaal Smuts is uit die kussings gelig en in Junie 1948 het dr. D.F. Malan die Unie se vierde premier geword.

## BRONNELYS


1. A.1, J.H. Hofmeyr-versameling, **Universiteit van die Witwatersrand.**
2. A.32, N.C. Havenga-versameling, **Sentrale Argiefbewaarplek**, Pretoria.
3. **Debatte van die Volksraad,** Deel 55, 1946.
4. W.A. Botha, 1967. **"Die parlementêre verkiesing van 1948. 'n Ontleding van faktore wat die verkiesing beïnvloed het."** M.A. behandeling: UP.
5. H. Giliomee en L. Schlemmer (Reds.) 1985. **Up against the fences. Poverty, passes and privilege in South Africa.** David Philip: Kaapstad.
6. W. Grutter, 1981. **The story of South Africa.** Human en Rousseau: Kaapstad.
7. W.K. Hancock, 1968. **Smuts. The fields of force, 1919-1950.** CUP: Cambridge.
8. K. Ingham, 1986. **Jan Christian Smuts. The conscience of a South African.** Jonathan Ball: Johannesburg.
9. P. Lewsen, 1988. **Voices of protest. From segregation to apartheid, 1938-1948.** Ad Jonker, Johannesburg.
10. A. Paton, 1965. **Hofmeyr.** OUP: Londen.
11. B.M. Schoeman, 1977. **Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976.** Aktuele publikasies. Pretoria.
12. A.P. Smit en A. Wessels, 1987. "Fagan en Tomlinson: Twee perspektiewe ten opsigte van verstedeliking." Referaat.
13. N.M. Stultz, 1974. **The Nationalists in Opposition, 1934-1948.** Human en Rousseau: Kaapstad.
14. F.D. Tothill, 1987. "Why General Smuts won on 4 September 1939," **Kleio,** Deel XIX.